DIE GEREFORMEERDE

# Vroueblad

JULIE 2018

## SKUIL ONDER GOD SE VLEUELS

## Lesse uit my hospitaalbed

## Wellington se donkies

SAAMTREKBYLAAG: 2018

**PRYSE (per tydskrif):**
**SELF-AFHAAL: R 20-00**
**GROEPE (POS): R R29-19**
**INDIVIDU (POS): R31-37**
**ELEKTRONIES: R10-46**

www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

# Inhoud

## Julie 2018


### Gereeld
3 Redakteursbrief
4 Lidmaatpraat
5 Sodat my huis kan vol word

### In-diepte
6 God se vleuelbeskutting
8 Want ek skuil by God
10 Skuil by die Here
12 Skuil onder God se vleuels
14 Lewe onder sy vleuels
16 Toegevou onder die vleuels van God
18 Skuil onder God se vleuels
20 Skuil onder die vleuels van God
22 Skuil onderweg onder God se vleuels

### Leefdinge
24 Wellington se donkies – onderhoud met dr. Pieter Bingle
26 Teks & Vers: Vlerke
28 Resepteblad: Sjokolade rolkoek
29 Lees in Augustus 2018
29 Gemeentedagboek
29 Intekenvorm
30 Hartskatte
31 Die mens, geskape verhoudingswese: Vreemdelinge
32 Kaleidoskoop Julie 2018



REDAKSIEKOMMISSIE:

| | |
|---|---|
| **REDAKTEUR** | Cobie Steyn |
| **ASSISTENTREDAKTEUR** | Vakant |
| **GRAFIESE ONTWERP EN UITLEG** | Karien Brink |
| **SEKRETARESSE** | Marlette van Rooyen |
| **WEBREDAKTEUR** | Grietjie Prinsloo |
| **ADDISIONELE LEDE** | Ds. Johan Botha & Annamie Odendaal |

**Posadres:**
Die Redakteur: Die Vroueblad, Posbus 178, Lydenburg 1120, Faks: Die Vroueblad 086 714 6157
E-pos adres: Cobie Steyn, cobiesteyn@live.com
Internetadres: www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Navrae: Rekenings, adresveranderings, intekening, bladbouers:
Me. Angie Mokobi: Tel (018) 297 3986, tydskrifte@gksa.co.za

Eienaars en uitgewers: Deputate Kerklike Tydskrifte GKSA

**Intekengeld:**
VROUEBLAD (SELF AFHAAL BY ADMIN BURO, POSGELD UITGESLUIT): R 220 per jaar
• ELEKTRONIESE INTEKENING: R115 per jaar
• VROUEBLAD (IN GROEP NA DIE GEMEENTE, POSGELD INGESLUIT): R 321 per jaar
• VROUEBLAD (WORD GESTUUR, POSGELD INGESLUIT): R 345 per jaar
HIERDIE TARIEWE GELD VANAF 1 JULIE 2018 TOT 30 JUNIE 2019.
(Intekening word as voortgesit beskou solank dit nie gekanselleer word nie.)
Drukkers: V&R Drukkers, Tel 012 333 2462, ISSN 0378 407 X

**Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.**


**'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA**

*Ander Publikasies van die Gksa:*
- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskool-kinders)
- Die Kruispad (tieners en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
Facebookblad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe sake soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons *Facebook*blad en gesels saam oor jou verstaan van "Skuil onder God se vleuels". Deel ook met mekaar daardie spesiale momente van die saamtrek wat jy bygewoon het.


JAARGANG 73 NOMMER 2

# SKUIL ONDER GOD SE VLEUELS

brief van die redakteur

## VROUEBLAD

*"Wie God almagtig bly vertrou*
*Vir hul is Hy 'n vesting.*
*Sy skadu sal hul veilig hou,*
*sy vleuels is hul skuiling"* – Psalm 91-2: 1

*Susters in die geloof,*

Hierdie maand van Julie onderbreek ons ons temas wat so met die letters van ons naam "Vroueblad" langs stap om vir ons lesers te vertel wat by die jaarlikse saamtrekke op 10 Maart 2018 gebeur het. In die tydskrifdeel van hierdie uitgawe kry jy geestelike verryking: heelwat van die toerusters (sprekers) wat by die saamtrekke opgetree het, het hulle aanbiedings oor die tema *Skuil onder God se vleuels* vir ons tot artikels verwerk. Baie dankie aan elke skrywer wat sy of haar deeltjie bygedra het tot ons IN DIEPTE-artikels.

Dan vertel die gasvrou-susters vir ons in die Saamtrekbylaag hoe elke streek se dag verloop het. Die entoesiasme, oorspronklikheid en geesdrif wat gepaardgaan met die reëlings en aanbiedings is aansteeklik. Die bylaag gee elkeen van ons 'n geleentheid om te sien wat by ander streke gebeur het. Van die kant van ons redaksie af: Baie dankie aan al die streke wat bygedra het tot ons bladbouersfonds en so help om die tydskrif aan die gang te hou.

Dan is daar 'n baie interessante onderhoud wat ons boekresensent hierdie maand gevoer het met dr. Pieter Bingle oor die Donkies en Samuel... nee, dis nie wat julle dink nie. Lees maar self die artikel oor die interessante boek wat dr. Bingle die lig laat sien het: ***Naamdraers van Jesus – Wellington se donkies***. 'n Boek wat my nuuskierigheid só prikkel dat ek dit op my moet-lees-lysie geskryf het.

Dit is ongelukkig dié tyd van die jaar wat ons weer moet aankondig dat die prys van die Vroueblad weer bietjie gestyg het. Die uitgewersbedryf staan nie los van die wêreld nie en prysstygings op ander vlakke soos brandstofprysstygings en inflasie beïnvloed maar die prys van papier en al dergelike dinge ook. Die prysverhoging verskyn op die skutblad (p. 2) asook op die intekenvorm (p. 29). Ons pryse bly nog billik in vergelyking met ander tydskrifte – teken in en ondersteun so jou eie kerklike tydskrif. Gebruik sommer jou tydskrif (nadat jy klaar gelees het) om weer die Woord verder aan vriendin en vreemdeling te versprei.

Die tema vir die saamtrekgeleentheid van 2019 is uiteindelik bekend. Dit verskyn op p. 24 van die Saamtrekbylaag. Nou kan die sprekers gereël word.

Lekker lees aan ons lywige Saamtrekuitgawe van 2018.

Ons praat Augustusmaand weer...

*Cobie Steyn*

Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!

# Skuil by die Here

**DEUR** PROF. GERT BREED – SAAMTREKTOERUSTING: NATAL, SATERDAG 10 MAART 2018

Om by die Here te skuil is 'n doelbewuste aksie, 'n besluit wat jy neem en uitvoer. Dit is ook nie maar net 'n eenmalige besluit en nou gebeur dit in jou lewe nie, jy moet daardie besluit oor en oor bevestig en oor en oor aksie neem om dit uit te voer. Soms is dit vir ons moeilik om nie by onsself of iets anders skuiling te soek nie. Veral as die seerkry of bedreiging naby aan ons hart lê, kan ons maklik op selfverdediging staatmaak of skuil in woede of selfbejammering.

## Waar moet ek skuil?

Wanneer gevaar dreig, byvoorbeeld as ek in die berge in 'n hewige storm is, dan soek ek die plek wat die beste skuiling sal bied, daar waar ek die veiligste voel. Ons maak almal vir onsself skuilplekke bymekaar teen die storms van die lewe. Om myself te kry om by die Here te gaan skuil moet ek in my hart oortuig wees dat Hy 'n veilige skuilplek is. Ek moet die Here se krag en sy genade ken en altyd beter leer ken. Dink maar aan die woorde van Psalm 103:1-5:

*Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam!*

*Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!*

*Wat al jou ongeregtigheid vergewe,*

*wat al jou krankhede genees,*

*wat jou lewe verlos van die verderf,*

*wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede,*

*wat jou siel versadig met die goeie,*

*sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend.*

Of dink aan wat herhaaldelik van Jesus gesê word naamlik dat Hy na 'n honger skare kyk, na 'n ma wie se kind dood is, na 'n melaatse, en hulle inig jammer kry en dan help. God openbaar Homself in Jesus as die een wat wil help en in sy almag ook kan help. Hy ken ons nood en Hy voel innig jammer vir ons in ons pyn.

Wanneer jy in die nood is, gaan jy instinktief daar skuil waar jy glo dit die veiligste is. Wat is die prentjie wat jy van God in jou kop het? Ken jy Hom as 'n veilige skuilplek, of is Hy maar die laaste vesting as al die ander skuilplekke omgewaai is deur die storms van die lewe?

## Hoe skuil ek by God?

Die beste manier om te verstaan hoe ek skuiling soek, is om te gaan kyk hoe ander dit gedoen het.

In die gelykenis van die verlore seun, vertel Jesus hoe die seun tussen die varke aan sy pa begin dink het en hoe dit is om in sy pa se huis te leef. En dan kom hy tot 'n besluit: ek sal opstaan en na my pa toe gaan.

Gaan lees maar Psalm 73, Klaagliedere 3 en Habakuk en sien hoe kinders van God worstel met die swaar en onverstaanbare dinge van die lewe en vasdraai in hulle gedagtes – tot hulle nie meer fokus op wat hulle nié verstaan nie, maar fokus op wat hulle wel van God ken en verstaan. Wanneer hulle dan aan God se grootheid en goedheid dink, neem hulle 'n besluit om by Hom te skuil. Dit word pragtig verwoord in Psalm 16:2: "Bewaar my, o God, want by U skuil ek. Ek het tot die HERE gesê: U is my Here; vir my is daar geen goed bo U nie."

## Die Heilige Gees lei ons na God, ons skuilplek

God het in die paradys vir die mens 'n plek geskep waar hulle die lewe in oorvloed saam met Hom kon leef.

Toe die mens hierdie heerlike plek verbeur het deur sy sonde, het God sy Seun gegee om weer vir ons lewensruimte te skep. Jesus het die pad na die genade van God kom oopbreek deur sy lewe, sy sterwe, opstanding en hemelvaart. Hy het sy Gees gestuur om die dood uit ons harte te verwyder en ons blindheid te genees, ons ore oop te maak vir die heerlike evangelie. Die Gees getuig in ons harte dat ons kinders van God is en dat Jesus vir ons die reg en die vrymoedigheid verdien het om by die almagtige God te mag skuil. Hy oortuig my weer en weer dat die Here my herder is en dat ek by Hom niks sal kortkom nie, ja dat my beker vol is van sy goedheid en guns al die dae van my lewe.

So lei die Heilige Gees my in in die lewensruimte wat Jesus vir my geskep het.

## Wees 'n skuilplek vir ander

Dink jou dit in: jy is in 'n geweldige donderstorm op die berge, en jy vind 'n skuilplek in 'n grot waar jy veilig en droog is. Wanneer jy skuiling gevind het, sien jy iemand anders wat daar buite in die storm verward en bang rondhardloop. Kan jy anders as om haar te roep, haar in te nooi in hierdie heerlike lewensruimte wat jy gevind het?

God gee aan ons skuilplek sodat ons hierdie genade wat ons ontvang het, weer aan ander kan bedien. Skuil by God sodat jy 'n skuilplek kan word vir ander en hulle kan bekendstel aan die almagtige en barmhartige God wat altyd wil en kan help. V

# Donkies dra die Blye Boodskap oral in Afrika uit

## Onderhoud met dr. PW Bingle gevoer deur Annamie Odendaal

In 'n goed versorgde aftreeoord teen die hang van 'n Tygerheuwel in Bellville sit ek saam met dr. Pieter Bingle en sy vrou Marianne om die tafel. Voor hom staan 'n hopie boeke en dokumente, reg om ingelaai te word vir die rit Stilbaai toe. Die geleentheid daar is die bekendstelling van die boek *Naamdraers van Jesus – Wellington se donkies* waarvan hy die navorser en samesteller is. Ek hou 'n kopie daarvan in my hand, vars van die drukker af. Heel gepas is dit ook die jaarlikse reünie van die sendelinge oor wie die dik boek handel. Hul noem hulself 'Donkies'. Almal, behalwe dr. Bingle en ds. Pieter de Wet, is NG-sendelinge. Hierdie twee is die enigste 'ere-Donkies'.

My eerste vraag aan dr. Bingle is hoe dit gebeur dat 'n Gereformeerde predikant skuins duskant sy tagtigs 'n hele jaar van sy lewe (2017) wy aan die opteken en orden van die lewenswerk van 'n groep NG-sendelinge? Die antwoord lê in sy dekades-lange betrokkenheid by Biblia Hawesending (amper 33 jaar) terwyl hy predikant (en ook voorsitter) was van Die Gereformeerde Kerk Kaapstad. In hierdie werkskring en blootstelling het hy oor die jare vir ds. Pieter de Wet (Nasionale Organiseerder/Sekretaris in Sinodale Diens (NG-Kerk) van Biblia in Suider Afrika) en ds. Japie du Plessis – een van die Donkies – baie goed leer ken. Die liefde, kameraderie en lojaliteit van hierdie groep gelowiges teenoor mekaar en hul Alma Mater was vir hom opvallend, en die stories en verhale wat hulle van mekaar en hul kollegas vertel het, was vir hom besonders. Toe hy daar in die aftree-oord daaroor besin het en hoor dat daar nog nie 'n omvattende publikasie uitgegee is wat erkenning gee aan die besondere koninkrykswerk wat hierdie groep gelowiges gedoen het nie, het hy onderneem om dit te doen. Die werk is befonds deur die Christelike Lektuurfonds (oftewel CLF –hulle is ook die uitgewers van die publikasie) en die Navorsingstrust van die Erfenisstigting.

Die boek het drie fases: die eerste vertel die geskiedenis van die Sendinginstituut in Wellington. Die tweede deel bevat CV's van al die nog lewende alumni van die Instituut wat dr. Bingle en sy medewerkers kon bereik – meer as 130 van die 567 sendelinge wat afstudeer het tussen die stigting in 1882 en 1962, toe die sendinginstituut gesluit is; 'n derde fase sou die statuskwessie genoem kon word. Sendelinge is vroeër 'eerwaardes' genoem en het hul werk binne Suid Afrika uitsluitlik in die sendingkerke gedoen.

Afgestorwe alumni se CV's is deur hul weduwees, kinders of 'n kollega geskryf. Die bydraes verskil baie: daar is 'n paar wat in akademiese styl geskryf is. Sommige Donkies is bekroon met doktorsgrade. Die meeste is baie meer informeel. Amper meer as 750 bladsye vertel van 'n besondere groep sendelinge, manne (en hul eggenotes), nederige en hardwerkende gelowiges wat die evangelie verkondig het, meestal onder besonder moeilike omstandighede. Saam het hulle boonop waarskynlik honderde kerke, skole, hospitale en pastorieë gebou. Die inhoud en formaat van die vertellings verskil baie van mekaar, maar 'n gees van vreugdevolle en dankbare tevredenheid oor 'n lewe voluit vir die Here geleef, bind die verhale saam.

Daar is twee woorde wat vir my die geskiedenis van die Sendinginstituut se alumni saamvat: Donkies en Samuel.

Dr. Andrew Murray, die vernaamste dryfveer agter die stigting van die Instituut, het die studente die naam Donkies gegee. 'n Donkie is nederig en sterk, soos wat die afgestudeerde sendelinge ook moet wees. Soos 'n donkie Jesus Jerusalem binnegedra het, moet die Donkies die Blye Boodskap in Afrika en die wye wêreld indra. Die studente het die naam "Donkie" hul eie gemaak, en die blywende band en kameraderie is sestig en meer jare steeds daar.

Die gebou waarin die studente gewoon en klas gedraf het, se naam was Samuel, of soms deur die studente die "Stalle" genoem. Die naam en betekenis bring die profeet Samuel in gedagte: van die Here afgebid en in gehoorsaamheid aan die Here opgedra. Samuel is deur die kinderlose Hanna van die Here afgesmeek met die belofte dat Hanna hom in die Here se tempel sal laat grootword.

Die Instituut het voorsiening gemaak vir 3 jaar voorgraadse en 3 jaar nagraadse studie. Daar het nooit meer as ongeveer 70 studente per jaar afstudeer nie. Die samehorigheid onder Samuel se dak is die kern van die besondere diepte van die Donkies se band met mekaar. Van eerstejaars tot sesdejaars het saam gewoon sonder onderskeid. Party het daar aangekom vars uit matriek en ander was al hardebaarde voor hulle kon begin studeer. Dit is opmerklik hoeveel van die Donkies getroud is met meisies wat by die ander kolleges op Wellington studeer het.

'Donkie' en 'Samuel' is letterlik die oortjies van die seekoei: 'n boeiende verhaal oor die ontstaan en groei – en die afsluiting - van die Sendinginstituut se werk word ontsluit aan dr. Bingle se hand. Die honderde verhale oor die individuele Donkies is verder kosbare herinneringe, maar ook veel meer: enige gelowige sal hierdeur aangespoor word om die Here met oorgawe te dien. As 'n mens wonder hoe oorgawe lyk, kan jy dit ook hier kom leer. Dr. Bingle sê die verhaal van die "Donkies" van Wellington is van die mooiste verhale in die geskiedenis van die NG-kerk.

As jy ooit weer moedeloos voel omdat daar soveel sleg en lelik in die wêreld bestaan, lees gerus bietjie oor die Here se Donkies van Wellington. As jy eers begin lees, sal jy besef dat hierdie lywige publikasie ook net die oortjies van 'n seekoei is, keurige snitte uit die lewens van 'n besonder vrugbare regiment uit die Here se leërmag. V

**Titel: Naamdraers van Jesus**
**Wellington se donkies**
**Samesteller: Pieter Bingle**
**Uitgewer: Christelike Lektuurfonds**
**ISBN: 978-1-86804-434-4**
**Prys: R 350**
**Die boek kan bestel word by 021 873 6964 of order@clf.co.za.**
**Posgeld moet bygereken word.**
**Jy kan ook 'n bestelling plaas by jou plaaslike boekwinkel as die boek nie op die rak is nie.**